

## Sondag 10 November

**Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11-14**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 5:14**

### **In Christus is ons traagheid oorwin – glo in Hom!**

Hoe heerlik om opnuut weer te kon hoor dat Jesus as ewige Hoëpriester vir ons die ewige saligheid gebring het! Maar wat maak ons met hierdie kennis van ons eie ellende en hoe Christus ons daaruit verlos het? Is dit vir my genoeg om maar net te weet dat my sondes vergewe is en dat ek verlos is? Of dryf die opgewondenheid en dankbaarheid ons om al meer van Hom te leer en ons in die Woord te verdiep?

Soos die Hebreërs, sukkel ons dikwels om saam te praat oor geloofsake, want ons verstaan eenvoudig nie. En die rede? Ons is traag en lui om te leer. Ons besige programme neem al ons energie in beslag, ons tyd is min en so ook die lus om ná werk ons nog te verdiep in Gods Woord. En so kom 'n gebrek aan kennis en agteruitgang in die geloof. Ons vergeet selfs die basiese dinge wat ons eens met katekisasie geken het. Dit terwyl ons na jare se geloofsewe al ander moet kan onderrig.

Hoe duidelik word die traagheid dan nie ook sigbaar in ons geestelike onvolwasse lewe nie? Gebrekkige kennis lei tot 'n gebrek aan daad. Sonder die nodige oefening en ervaring weet ons nie wat reg is en wat verkeerd nie. Is dit nie dalk hoekom soveel mense mekaar onregverdig en genadeloos behandel nie? Is dit nie dalk waar die oneerlikheid by die werk, die liefdeloosheid in huwelike, die eiewilligheid in die kerk en al daardie klein jakkalsies in ons lewe vandaan kom nie?

Laat ons dus nie soos die Hebreërs van die Here vergeet nie. Laat ons opnuut weer besef hoeveel ons werklik van Christus ontvang het. Laat ons besef dat sy Hoëpriesterlike werk nie goedkoop was nie, en dat dit die dankoffer van ons lewe vra. Hoe verander die boodskap van die kruis jou lewe?

*Sing: Psalm 4-1:3, 4*

*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*